7 Januarie 2018: Oggenddiens
Teksgedeelte: Markus 1:4-15

Op hierdie tradisionele 'Jesus se Doopsondag' (eerste Sondag van die jaar), het ons die voorreg gehad om saam met hierdie herdenking ook te dink aan die betekenis van elkeen van ons se eie doop as kinders. Ons moes weer ontdek dat, nét soos aanneem-ouers wat 'n kindjie aanneem sonder om eers 12 of 14 jaar te wag om toestemming van die kind te kry om hom/haar deel van hul gesin te maak en die kind volledig deel van hul gesinsopset maak, God ook die inisiatief neem om ons as kinders uit te kies om sý aanneem-kinders en erfgename saam met Jesus te wees voordat ons 'nog kon dink of kon vra' (soos ons dikwels sing). Jesus kom illustreer dit in sy eie doop deur as sondelose Lam van God tot in ons sondige bestaan af te buig om ons uit hierdie gebroke bestaan te lei tot die lewe. Hoe heerlik was dit nie om weer die uitnodiging van God op ons eie ore te hoor val toe klein Luc Henriques gedoop is nie? Dit was asof ons weer gehoor het hoe Hy ons opnuut op die naam roep om Hom met dankbaarheid vir sy genade te dien. Ons kan natuurlik met hierdie genadegawe van God handel soos ons goeddunk, maar moet verantwoordelikheid aanvaar vir die uitkoms van ons keuse: of ons dit met dankbaarheid aanvaar het an daarvolgens lewe en of ons die genade van God in Jesus verwerp het en verlore gaan.